
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 41 bladsye en 2 bylaes.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ALGEMENE AANTEKENINGE VIR DIE INTERNE MODERATOR EN DIE HOOFNASIENER EN NASIENERS**

1. Die doel van assesserings-/eksamenprosesse is nie net om die 'memorisering' van kennis wat onderrig en geleer is te bepaal nie, maar ook om die kompleksiteit van die denkproses wat die kandidaat toepas op die kennis wat uit die geheue herwin is, te bepaal.

2. Die instrument wat gebruik word om hierdie twee komponente te assesseer, is Anderson en Krathwohl se Hersiene Bloom se Taksonomie ('Revised Bloom's Taxonomy').
   - 6 kognitiewe moeilikheidsvlakke
   - 4 denkprosesse van kompleksiteit

3. Nasieners:
   - Gebruik die eerste dag om die kwaliteit en hoeveelheid bewyse in die nasienriglyne uiteen te sit.
   - Vind algemene definisies en begrippe.
   - Assimileer en standaardiseer die:
     - Verwagte antwoorde op elke vraag
     - Kognitiewe moeilikheidsvlak wat vereis word van die kandidaat
     - Tipe denkproses en -kompleksiteit wat van die kandidaat verwag word
     - Aksiewerkwoorde wat gebruik word by elk van die kognitiewe vlakke en die tipes bewyse vereis (feite, konsepte, prosesse en denke)
   - Maak 'n duidelike regmerkie langs die kognitiewe vlak/denkproses van kompleksiteit/konsep/inhoud/vaardigheid/kennisaspek wat vereis word wanneer 'n punt toegeken word.
   - Die Hoofnasiener en Interne Moderator mag slegs 'n nasiener wees wat 'n geskikte kwalifikasie in Drama van 'n Hoëronderwys Instituut het, bv. 'n Baccalaureusgraad of 'n graad in Drama op vlak drie.
   - Nuwe of onervare nasiener moet deur óf die Hoofnasiener óf die Interne Moderator gemodereer word
   - Dit is die rol van die Interne Moderator en Hoofnasiener om punte opwaarts of afwaarts aan te pas om korrekte, aan te pas om regverdig, geloofwaardig en betroubare punte toe te ken
   - Dramaties Kunste is nie 'n empieriese vak wat slegs een korrekte antwoord het nie
   - Alle merkers moet deurlopende gedurende die nasienproses opleiding ontvang
   - Die Dramatiese Kunste vraestel bevat vrae wat van kandidate verwag om hulle eie opinies of ervarings in 'n oorspronklike en kreatiewe manier toe te pas
   - Sien na met 'n holistiese oogpunt en aanvaar korrekte en relevante antwoorde wat dalk nie in the memorandum mag wees nie
   - Aanvaar ander korrekte antwoorde wat die kandidaat se Kennis, Konsepte en Vaardighede weergee. Die meerderheid vrae van die vak, Dramatiese Kunste, verwag van 'n kandidaat om persoonlike subjektiewe opinies asook oorspronklike en kreatiewe antwoorde te gee. Sien uit 'n holistiese oogpunt na en aanvaar korrekte antwoorde wat nie in die Nasienriglyne is nie
   - Raak aktief betrokke by die antwoord.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Verwys na die rubrieke aan die einde van die nasienriglyne om te verseker dat nasien regverdig, geldig en betroubaar is en aan duidelike kriteria gemeet word.
- Die Verdragingsreeks ('Tolerance Range') vir Dramatiese Kunste is 3% uit die 150 - punte totaal van die Vraestel. Dit is 5 punte vir die Verdragsreeks in totaal vir die Vraestel.
- As nasieners se punte hoër of laër as die Verdragingsreeks is, moet die Hoofnasiener of die Interne Moderator 'n besluit neem of die punt ervaar of verwerp, of aangepas moet word.
- Daar moet gedurende die nasienproses gereelde konsultasieproses wees om te verseker dat nasien gestandaardiseer is.
- Die nasienriglyne kan nie al die antwoorde voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in ag neem en moet ontvanklik wees met die kandidate se antwoorde.
- Sien globaal na.
- Nasieners moet seker maak dat die kandidate se antwoorde ooreenstem met die *KABV-dokument se Breë Onderwerpe en Onderwerpe van graad 10/11/12 (konsepte, vaardighede en kennis)* en met die spesifieke vraag se vereistes.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**STANDAARDISERING VAN NASIEN IN AL DIE PROVINSIES**

**Nasien van Opstel- en Antwoordvrae**

Die hoofnasiener in elke provinsie moet die paradigma waaruit die vrae en die bygaande nasienriglyne ontwerp en opgestel is, verduidelik en moet die merkers oplei om Leong se beginsels toe te pas:

1. **Itemmoeilikheidsgraad (Vraag):**
   Hoe kompleks/moeilik is die ontwerp van die werklike vraag/item self?

2. **Taakmoeilikheidsgraad:**
   Wat is die kompleksiteit/moeilikheidsgraad van die kognitiewe vlak en denkproses wat van die kandidaat verwag word?

3. **Stimulusmoeilikheidsgraad (Bron):**
   Hoe kompleks/moeilik of maklik is dit om die bron toe te pas en te verstaan?

4. **Moeilikheidsgraad van die antwoord wat verwag word: (Nasienriglyne)**
   Wat is die hoeveelheid/aantal (hoeveel) en gehalte/kwaliteit (hoe goed) van die verwagte antwoord wat van die kandidaat vereis word, soos in die nasienriglyne gegee?
   Is dit in lyn met die item, taak en stimulus?
   Is die punte toepaslik geweeg en toegeken?

– Leong: 2002

Wanneer nasieners aan die begin van die nasienproses opgelei word moet die hoofnasiener in elke provinsie die volgende prosedure volg:

- Maak seker daar is standaardisering van die puntetoekenning van kandidate se opstelle en antwoorde vir elke deel van die eksamen
- Standaardiseer nasionale nasienprosedures, prosesse en uitslae
- Volg die volgende prosedure:
  *Die item (vraag) en taak (nasienriglyne):*
  - Lees die item en bepaal die vlak van kompleksiteit en moeilikheidsgraad van die ontwerp van die vraag: lae, middel of hoë vlak
  - Lees die taak (nasienriglyne) en bepaal watter inhoud van die kandidaat vereis word om die vraag te antwoord. Som die inhoud op

  *Fasiliteer die opleiding van die nasiener m.b.t. die nasienriglyne en die rubrieke*
  - Hersien die rubriek met betrekking tot die item en die taak
  - Hersien die prosedures vir die toeken van holistiese punte (d.i. deur bewyse van die antwoord by die kriteria van die rubriek te pas en alle elemente ewe veel te laat weeg)

  *Oefen om individueel na te sien*
  - Sien 'n stel oefenskrifte na.
  - Nasieners moet die skrifte onafhanklik nasien.

Die hoofnasiener/interne moderator moet die nasieners se punte aanteken en die bespreking lei. (Opleidingskrifte moet punte en kommentaar bevat.)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: 20ste-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS

## VRAAG 1

**Die kandidaat moet:**

- Hierdie vraag in die vorm van 'n opstel beantwoord
- Verwys na die toneelteks wat bestudeer is
- Enige een van die drie Teaterbewegings binne die konteks van die vereistes van die vraag toepas:
  - Teater van die Absurde OF
  - Epiese Teater OF
  - Postmoderne Teater
- Na die bronmateriaal in hulle antwoord verwys
- Na die vraag in hulle antwoord verwys
- Toon dat die vraag en bron verstaan, ontleed, toegepas, geëvalueer en in hulle opstel geïntegreer is
- Kontekstualiseer gememoriseerde kennis in 'n bespreking, wat feitelike, kontekstuele, prosedurele en metakognitiewe denke toon
- Kreatiwiteit in die toepassing van die eise van die vraag

**Nasieners moet die volgende in ag neem:**

- Kandidate moet toon dat hulle die bostaande verstaan en krities ontleed en in hulle opstel toegepas het.
- Die Rubriek moet deur die merker gebruik word om die volgende te beoordeel:
  - Kognitiewe vlakke (onthou, verstaan, toepas, analiseer, evalueer en skep)
  - Kompleksiteite van denke wat deur die kandidaat getoon word (feitelik, konseptueel, prosedureel, metakognitief)
- Al die vrae se vlakke, elemente en instruksies moet in ag geneem word wanneer die opstel nagesien word.
- Om 'n billike, geldige en betroubare punt toe te ken, moet nasieners bevoeg wees in die betekenis en toepassing van Anderson en Krathwohl se Hersiene Bloom se Taksonomie, asook die ontwerp, doel, gebruik en toepassing van 'n rubriek:
  - Kriteria (vaardighede, kennis, konsepte, tegnieke en inhoud)
  - Vlakbeskrywers (laag, middel en hoog)
  - Woordbeskrywers
  - Aksiewerkwoorde
  - Kognitiewe vlakke
  - Denkprosesse
- Nasieners moet streng en deurlopend in die merkproses opgelei word in hoe om die ses kognitiewe vlakke, asook die vier denkprosesse in die rubrieke te interpreteer, te gebruik en toe te pas om kandidate se prestasies te meet.
- Merk holisties
- Kandidate hoef nie op al drie punte te reageer om volpunte te kry nie
- Kandidate moet billike, geldige en korrekte inhoud verskaf
- Aanvaar positiewe nuanses/reaksies

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

| BESKRYWER | PUNTE | DIE KANDIDAAT SE ANTWOORD TOON 'N VERMOË OM: |
|---|---|---|
| **Uitstaande**<br>**Metakognitiewe**<br>**Skep** | **27–30**<br>**90–100%**<br>**A+** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Skep, ontdek, vernuwe, verander op 'n uitstaande wyse met metakognitiewe denke oor die inhoud<br>• **Argument:** Skep 'n nuwe, unieke en gedifferensieerde argument wat refleksiewe, kreatiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstaande vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneelteks en die teaterbeweging op 'n uitstaande wyse. Voorbeelde kom uit die toneelteks en die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks insiggewend gekose inhoud en ander bronne |
| **Uitstekend**<br>**Metakognitiewe**<br>**Evalueer** | **24–26**<br>**80–89%**<br>**A** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Beoordeel, lewer kritiek en evalueer op 'n uitstekende manner met metakognitiewe denke oor die inhoud<br>• **Argument:** Stel 'n argument volgens 'n interessante patroon wat bewyse toon van refleksiewe, kritiese en analitiese denke op 'n uitstekende vlak<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Gebruik en kontekstualiseer uitstaande bykomende bronne uit die toneelteks en die teaterbeweging op 'n uitstekende wyse. Voorbeelde kom uit die toneelteks, die teaterbeweging binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud en ander bronne |
| **Verdienstelik**<br>**Prosedureel**<br>**Ontleed** | **21–23**<br>**70–79%**<br>**B** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Maak gevolgtrekkings, gekonstrukteer konsepte, ontdek op 'n verdienstelike wyse; met prosedurele denke oor die inhoud<br>• **Argument:** Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n verdienstelike vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Gebruik en kontekstualiseer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n omvattende reeks toepaslik gekose inhoud |
| **Wesenlik**<br>**Prosedureel**<br>**Toepas** | **18–20**<br>**60–69%**<br>**C** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Pas toe, konstrueer, integreer op 'n wesenlike vlak; met prosedurele denke oor die inhoud<br>• **Argument:** Stel 'n argument wat kritiese en analitiese denke op 'n wesenlike vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Integreer voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n wesenlike reeks gekose inhoud |
| **Voldoende**<br>**Konseptueel**<br>**Begrip** | **15–17**<br>**50–59%**<br>**D** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Interpreteer, illustreer, klassifiseer op 'n voldoende vlak; met konseptuele denke oor inhoud<br>• **Argument:** Stel 'n argument wat begrip en konseptualisering van kennis op 'n voldoende vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Verskaf voldoende voorbeelde uit die toneelteks binne 'n algemene reeks voorspelbare inhoud |
| **Gemiddeld**<br>**Konseptueel**<br>**Begrip** | **12–14**<br>**40–49%**<br>**E** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Verduidelik op 'n gemiddelde vlak; met konseptuele denke oor inhoud<br>• **Argument:** Stel 'n argument wat 'n verduideliking en denke op 'n gemiddelde vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Gebruik 'n paar voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne binne 'n beperkte en gemiddelde reeks inhoud |
| **Elementêr**<br>**Feitlik**<br>**Onthou** | **9–11**<br>**30–39**<br>**F** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Identifiseer, noem, definieer op 'n elementêre vlak; met feitelike denke oor die inhoud<br>• **Argument:** Skryf 'n opstel wat denke op 'n elementêre vlak toon<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Kies slegs 'n paar voorbeelde uit die toneelteks, die teaterbeweging of ander bykomende bronne |
| **Nie Behaal Nie**<br>**Feitlik**<br>**Onthou** | **6-8**<br>**20–29%**<br>**G** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Op 'n beperkte vlak identifiseer, noem; met beperkte feitelike denke oor inhoud<br>• **Argument:** Skryf feite neer op 'n voorspelbare beperkte vlak<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Verskaf idees of inligting, maar op 'n beperkte vlak |
| **Nie Behaal Nie** | **0-5**<br>**0–19%**<br>**H** | • **Kognitiewe vlak en denkproses:** Geen inligting nie. Kan nie gedagtes in woorde uitdruk nie.<br>• **Argument:** Onvermoë om 'n opstel saam te stel; te identifiseer, noem, in verband te bring en om genoeg feite te verskaf<br>• **Die dramatiese beweging, toneelteks, vraag en bron:** Geen bewyse van enige feitelike kennis nie |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994**

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord. (Vraag 2 OF 3 OF 4).

**VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

2.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip van die karakters in die toneel toon.

Ken volpunte toe vir die identifisering van die twee karakters

Die volgende is 'n riglyn:
**Die karakters wat vertolk word in BRON B kan wees, bv.**
- Die polisiemanne wat met mekaar kommunikeer oor die ontsnapping van Morena en die plan om Morena te bom
- Soldate wat getaak is om Morena te arresteer
- Militêre personeel wat op wag diens is
- Apartheid polisiemanne wat uitgestuur is om Morena aan te val
- Helikopter vlieenier/ helikopter beheer/ radio operateur/ bemanning aan boord (2)

2.2 Nasieners aanvaar enige relevante en goed verduidelike antwoorde wat kennis en begrip van hoe die beligting gepas is om die toneel in BRON B uit te beeld, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die beligtingskeuse is gepas omdat:**
- Die kollig die akteurs op die bokse beklemtoon
- Dit die gehoor se fokus plaas op die skep van die helikopter
- Die beligting die verhoog verlig en die fokus op die handeling op die verhoog plaas (2)

2.3 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelikte antwoorde wat kennis en begrip oor hoe Percy reëls 3–5 kan vertolk toon.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed verduidelikte stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Hy kan:**
- Mimiek hoe hy in die 'CB radio' praat en luister na 'n denkbeeldige antwoord
- Gesigsuitdrukkings gebruik om skok en ongeloof te wys oor die reaksie van

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- die bevelsentrum
- 'n Pouse gebruik voor hy antwoord 'What?' om sy ongeloof te wys
- Bevraagtekening en skok in sy stem reflekteer, asook gehoorsaamheid aan die bevel
- Na die vlieënier kyk wanneer hy vra 'What do you see down below?'
- Na die denkbeeldige see kyk waar Morena op die water loop om die toneel te vestig
- Sy ander arm gebruik om die propeller van die helikopter te verteenwoordig
- Die geluid van die helikopter maak met sy stem wanneer hy nie praat nie
- Die spanning van in die helikopter wees uitbeeld deur vas te hou aan ń denkbeeldige reling (6)

2.4 Nasieners aanvaar relevante en goed beskryfde antwoorde waar kennis, begrip, toepassing en ontleding van die gebruik van mimiek in BRON B toon.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed beskryfde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Mimiek word gebruik om voor te stel:**

- Helikopter vlieg en af kyk na Morena wat ontsnap het van die maksimum tronk
- Die radio wat gebruik word vir kommunikasie deur die polisie
- Vêrkyker wat gebruik is deur die polisie wat die helikopter vlieg
- 'n Mikrofoon/tweerigtingradio (4)

2.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en ontleding van Morena se rol in die toneelstuk toon

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:

**Morena se rol in die toneelstuk:**

- Hy is die redder en leermeester
- Hy het gekom om die onderdruktes van Suid-Afrika vry te maak
- Sy aankoms veroorsaak rebellie en revolusie, bv. die brand van die pasboeke
- Hy vestig verhoudings met die karakters wat Percy en Mbongeni uitbeeld, bv. Bobbejaan en Zuluboy in die Coronation Brickyard
- Sy gevangenis, ontsnapping, bomming, sterfte en opstanding weerspieël die bybelse verhaal van Jesus se lewe, sterfte en opstanding (Mbongeni Ngema het genoem dat hulle die bybel wou vertolk vir vandag)
- Morena laat die dooie strydhelde opstaan en sodoende verhoog hy die moraal en hoop van die mense gedurende apartheid Suid-Afrika
- Die impak van Morena se invloed op die toneelstuk word gevoel deur die gehoor en dit kan hulle moontlik aanhits om protes te lewer teen die onregte van apartheid (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 2.6.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en ontleding van hoe handeling in die toneel in BRON B bydra tot die spanning toon

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stellings OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Die handeling in die toneel bou spanning in die toneelstuk omdat:**

- Spanning word geskep deur die geantisipeerde handeling van Morena wat 'gebom' word
- Die stem en fisiese reaksies van die akteurs teenoor die instruksie dat hulle Morena moet bom, reflekteer skok en verskrikking
- Die gehoor antisipeer Morena se dood en die nagevolge daarvan (2)

2.6.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, ontleding en evaluering van waarom die gebeure wat volg na die toneel in BRON B die gehoor se reaksie op die toneelstuk kan beïnvloed toon

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Die gebeure na die toneel in BRON B kan moontlik die gehoor se reaksie beïnvloed omdat:**

- Die aankondiging van Morena se dood oor die televisie kan moontlik 'n gevoel van hartseer en hopeloosheid in die gehoor skep want hy verteenwoordig die hoop vir 'n beter toekoms en vryheid vir die onderdruktes
- Morena se opstanding en verskyning in die finale toneel kan die gehoor hoop gee vir positiewe verandering en die herstel van menseregte en Vryheid
- Die gebeure van die finale toneel kan die gehoor se denke en aksies beïnvloed deur 'n emosionele reaksie uit te lok, en moontlik die gehoor aanmoedig om teen apartheid te protesteer en verandering bring in die sosio-politiese omstandighede (4)
- Afgryse oor die sinnelose geweld
- Woede oor die wreedheid van apartheid
- Simpatie met beide Morena en die verwarde soldate
- Hartseer en emosionele skok
- Bewustheid van hoe mag gewone mense korrupteer
- Besinning oor die voortdurende stryd om geregtigheid

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.7 Nasieners aanvaar enige relevante toespraak, gedig of monoloog wat die kandidaat se kennis, begrip, ontleding en evaluering van hoekom die toneelstuk belangrik is vir 'n jong mens wat in Suid-Afrika woon toon

Die antwoord moet die vorm van 'n toespraak/gedig/monoloog van 6–8 reëls aanneem, waarvan die kwaliteit nie geassesseer word nie. Persoonlike, kreatiewe antwoorde moet erken word. Merk Holisties.
Aanvaar antwoorde wat stel dat die toneelstuk belangrik is, of nie belangrik is nie.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die inhoud van die toespraak/gedig/monoloog kan elemente van die volgende inligting bevat oor hoekom die toneel belangrik is:**

- Dit leer my/ons oor die onregte wat plaasgevind het gedurende die apartheidsera, bv. polisiegeweld en ongelykheid in onderwys en werksgeleenthede
- Dit dien as 'n herinnering dat mense nie dieselfde onregte moet laat gebeur nie, bv. rassisme en segregasie
- Dit dokumenteer 'n belangrike gedeelte van Suid-Afrikaanse geskiedenis waarin die apartheidsisteem gevestig en afgedwing is
- Dit skep 'n waardering vir die demokrasie wat ons vandag geniet want ons sien hoe geweldadig en ongeregtig die sisteem van apartheid was in vergelyking met die vryheid en menseregte van vandag
- Dit herinner ons dat ons nie altyd toegelaat was om ons uniekheid en diversiteit te kon uitleef soos ons vandag doen as 'n reënboog nasie nie.
- Dit beklemtoon die belangrikheid van ons persoonlike vryheid wat ons vandag geniet want mense het nou die vryheid, anders as tydens apartheid, om te kan kies waar hulle wil bly, werk en sosialiseer
- Dit skep 'n pynlike bewussyn van hoe families nie saam kon leef gedurende apartheid nie; die tradisionele familie struktuur is afgebreek want die broodwinners moes vêr van hulle families af bly opsoek na werk en dit skep 'n dieper waardering van hoe families vandag kan saamleef
- Dit wys hoe mense 'n 'dompas' moes saam dra waarookal hulle gegaan het en nou is ons nie meer so beperk nie
- Dit inspireer ons om ons demokrasie te behou en om aan te hou veg teen mense onregte

**Bv. Gedig:**
Ons is nie dom nie

Nee vir die dompas!
Ons is nie dom nie!
Laat ons beweeg teen 'n vinniger pas
Verby apartheid
tot in vryheid.
Kom ons hardloop na die arms van Morena
Waar ons veilig is

Dankie Morena dat jy Suid-Afrika gered het
Ons is deur
Ons is vry

(6)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Bv. Monoloog:**
Mense staan saam! Ons is onder een God. Ons sal nie meer onderdruk word nie. Afrika, staan op en vat jou plek op die wêreldverhoog. Ons rykdom lê in skatte en goud. Ons is die goud wat gemyn moet word. Afrika is nie te koop nie! Haar mense is sterk en moedig en magtig. Ons geskiedenis is so diep soos die myneskagte en ons rykdom sal skyn vir die wêreld om te sien. Ons generasie sal leiers sien wat sal opstaan en die wêreld sal oorheers en die vestiging van burokrasie, skynheiligheid en middelmatigheid breek. Die leiers sal ons nie meer gevangenis hou nie, hulle sal ons nasie dien.

2.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis, begrip, ontleding, toepassing en evaluering van hoekom *Woza Albert!* waardeer kan word deur gehore regoor die wêreld toon.

Die volgende is 'n riglyn:
***Woza Albert!* Kan deur gehore regoor die wêreld waardeer word omdat:**
- Dit teaterelemente soos dans, sang, mimiek en dialoog kombineer binne die konteks waar onderdrukking aangespreek word
- Die teaterelemente in die toneel struktuur en optrede dra 'n hoë vlak van emosie en gevoelens wat die gehore kan aanraak
- Dit een van Suid-Afrika se toneelstukke was wat teen apartheid geprotesteer het en aan die mense gekommunikeer het dat hulle die sisteem moet teenstaan. Dit het ook internasionale stemme teen apartheid gemobiliseer
- Die toneelstuk 'n dieper insig lewer oor die onregte teen die mense deur die politieke apartheid sisteem want dit sluit tonele en gebeure in waarin die realiteit van die tyd uitbeeld word
- Die toneelstuk wys hoe sterk die mense kan wees in die gesig van slegte omstandighede want die karakters wys braafheid en trots in hulself
- Die temas van rasisme, ongelyke onderrig vir spesifieke mense, polisie geweldadigheid teenoor mense wat ontmag is ens. is steeds globale temas (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

3.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip too, van hoekom die karakters in 'n paniekbevange toestand is in BRON C.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**Die karakters is paniekbevange want:**

- Die apartheidpolisie (G-men) onverwags opgedaag het om die inwoners van Sophiatown te verwyder
- Mingus en Charlie moes jaag om hulle gesteelde goedere weg te steek van die G-men
- Hulle is nie genoeg tyd gegee om hulle besittings te pak nie (2)

3.2 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelikte antwoorde wat kennis, begrip en ontleding toon van hoe om reëls 7 en 16 te vertolk sonder om eentonig te klink.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed verduidelikte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

- Die akteur moet stem variasie gebruik in terme van stemtoon, toonhoogte, tempo en volume
- Die akteur moet 'n ander houding gebruik vir die verskillende reëls
- Die akteur moet gesigsuitdrukkings gebruik vir elke reël (4)

3.3 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis en begrip toon van 'n rekwisiet wat moontlik die gedwonge verskuiwings simboliseer.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed gemotiveerde stellings OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**'n Rekwisiet wat die tema van gedwonge verwydering kan simboliseer is bv.**
**Bokse:**

- Word gebruik om die mense se besittings te pak want die inwoners van Sophiatown moes uit die area uit trek
- Was haastig gedra om die besitting te pak in Mamariti se huis want die G-men het vroeër as verwag opgedaag
- Bevat gesteelde goedere wat vinnig verwyder moet word om te voorkom dat die polisie dit ontdek en konfiskeer

**Tas:**

- Word gebruik om hul belangrikste besittings te pak sodat hulle dit saam kan neem wanneer hulle trek (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.4 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelikte antwoorde wat kennis, begrip en toepassing toon van die gebruik van beligting om die tyd van die dag uit te beeld in BRON C.

Ken volpunte toe vir:

- Een goed verduidelikte stellings OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**Die beligting om die tyd van die dag aan te dui kan gedoen word deur:**

- 'n Lig stadig in te vervaag om die oggendure aan te dui (5 vm)
- Verdofde beligting om die vroeë oggend ure uit te beeld wanneer die karakters wakker gemaak word deur Mingus en Charlie wat in die huis inkom (2)

3.5 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en ontleding toon, van Ruth se rol in die toneelstuk.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**Ruth se rol in die toneel:**

- Die aankoms van Ruth is die katalisator vir baie van die handeling in *Sophiatown*, die toneelstuk, want sy bring die wêreld buite Sophiatown vir die inwoners van Mamariti se Diamond Sjebeen
- Ruth leer ook hoe lewe funksioneer in die Townships (lokasie). Ons as die gehoor kan sodoende ook leer bv. Die inwoners leer van Joodse tradisies en Ruth leer Tsotsitaal
- Ruth se verhouding met Jakes is die bron van soveel afgunstigheid en jaloesie bv. Dit skep spanning tussen Mingus en Jakes want beide stel belang aan Ruth
- Omdat Ruth geklassifiseer is as 'n wit persoon en Jakes as 'n swart persoon, skep dit komplikasies want die toneel speel af gedurende apartheid Suid-Afrika
- Die verhouding tussen Ruth en Princess is 'n bron van spanning want Princess beskou haar as 'n bedreiging vir haar verhouding met Mingus
- Ruth se karakter bied 'n nuwe uitkyk aan die gehoor oor hoe Suid-Afrikaners in harmonie kan saamleef (4)

3.6 3.6.1 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en ontleding toon van hoe die kandidaat moontlik die regie sal behartig van die handeling in die toneel.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**Die kandidaat kan die regie van die handeling behartig in die volgende wyse bv.**

- Ligte gaan aan met die inkom van Mingus en Charlie om die vroeë oggend ure aan te dui
- Die inkom van die akteurs moet die stilte en vrede van die vorige aand breek om die gepaste gevoel te skep van die gedwonge verwyderings wat op hulle wag, en die gevolglike pyn en chaos
- Die karakters wie in Mamariti se sjebeen bly moet in kom terwyl hulle hul oë vryf en moet aangetrek wees in nagklere om aan te dui dat hulle pas wakker geword het en dat dit vroeg oggend is
- Die karakters op die verhoog kan verward wees, soos wat dit aangedui is met die vraagtekens in die teks
- Die fokus van die karakters moet op Jakes gerig wees wanneer hy beheer neem oor die situasie
- Karakters moet ook reageer wanneer Jakes vir Mingus vra 'What's the story?'. Dit sal die aandag van die karakter en die gehoor fokus op Mingus. Dit kan ook vertolk word deur die verhoogplasing; plaas vir Mingus op die agterverhoog en die ander karakter op die voorverhoog dan verskuif die karaters hulle aandag op Mingus (6)

3.6.2 Nasieners aanvaar relevante en goed bespreekte antwoorde wat kennis, begrip ontleding en evaluering toon, van hoekom die gebeure van volg op die toneel in BRON C die gehoor kan beïnvloed.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed bespreekte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Die gebeure wat BRON C volg kan die reaksie van die gehoor op die toneelstuk verander omdat:**

- Die gehoor kan aanklank vind met die emosionele trauma van die uiters persoonlike en intieme interaksie tussen Mingus en Charlie soos hulle die laaste totsiens sê in die volgende toneel
- Charlie kan nie saam met Mingus trek nie oor hul verskillende rasse klassifikasie en dit kan ook 'n emosionele reaksie in die gehoor na vore bring omdat hulle bewus is van hoe naby Mingus en Charlie aan mekaar is
- Die navolgende aankondiging van Charlie se dood ontlok 'n diep hartseer want die karakter het bemind aan die gehoor geword
- Die gesing en stilte van die finale toneelstuk kan reaksie by die gehoor uitlok en kan beïnvloed hoe hulle die samelewing in 'n apartheid Suid-Afrika aanskou, en dit kan hulle mobiliseer om teen apartheid te protesteer
- Die menslike lyding wat uitgebeeld word aan die einde van die toneelstuk het 'n universele betekenis en die gehore kan verseker empatiseer met die ervaringe van die karakters op die verhoog (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.7 Nasieners aanvaar enige relevante toespraak, gedig of monoloog wat die kandidaat se kennis, begrip, ontleding en evaluering toon, van moontlike reaksies op Jakes se vraag 'What's the Story?'.

Die antwoord moet die vorm van 'n toespraak/gedig/monoloog van 6-8 reëls aanneem, waarvan die kwaliteit nie geassesseer word nie. Korrekte en relevante persoonlike en kreatiewe antwoorde moet erken word. Merk Holisties.

Die volgende is 'n riglyn:
**Die inhoud van die toespraak/gedig/monoloog kan elemente van die volgende inligting bevat oor hoekom die toneel belangrik is:**

- Die G-men het onverwags in Sophiatown opgedaag om die inwoners van Mamariti se huis met dwang te verskuif
- Inwoners is verward oor wat besig is om te gebeur omdat hulle nie die skielike aankoms van die G-men verwag het nie
- Mingus se reaksie op die vraag 'what's the story?' is dat daar geen storie is nie en dat hulle moet pak en vlug
- Die 'Storie' kan ook verwys na die storie van Sophiatown en die gedwonge verwyderings wat daar plaas gevind het. Kandidate kan verwys na enige korrekte en relevante aspek of kwessie oor die 'storie' van Sophiatown

**Bv. Gedig:**
Wat is die storie?

Vertel ons 'n storie wat 'n traan sal laat stort
Vertel my 'n storie waar ons 'n totsiens gaan kort
Jy sal nooit die pyn kan verstaan
As jy kon, sou jou hart ook traan.
My lewe in skerwe, net soos die straat
Waar familie en vriende saam kon praat
Sophiatown, my huis, my vriend
Alles verlore, niks verdiend

**Bv. Monoloog:**
Waarheen gaan ons? Wat is ons storie? En waar eindig dit? Wie weet? Wie geein elk geval om? Ons is verlore en vergete in 'n verlate landskap. Ek kan die geluide van die bulldozers hoor, en met elke slag breek 'n gedeelte van my hart. Sophiatown, my huis, waar my kinders gebore is, waar lewe gemaak is en 'n identiteit gegroei het, is nou weggeneem deur die trokke. Totsiens. Wie weet wat die volgende hoofstuk inhou. (6)

3.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, ontleding, toepassing en evaluering toon, van hoekom *Sophiatown* waardeer kan word deur gehore regoor die wêreld.

Die volgende is 'n riglyn:

***Sophiatown* kan deur gehore regoor die wêreld waardeer word omdat:**

- Dit wêreldwyd bekend geraak het as 'n ikoniese voorbeeld van die 'Lewende Koerant'-styl produksie. Dit het 'n belangrike gedeelte van Suid-Afrikaanse geskiedenis gedokumenteer
- Die toneelstuk het wêreldwyd gereis om die menseregteskendings en die gruweldade van apartheid Suid-Afrika te verkondig
- Die styl van die toneelstuk het elemente van Township (lokasie) musiekblyspel geïnkorporeer met ander optree-style bv. Die lied van Meadowlands. Die was 'n unieke aanslag
- Die proses waar die toneelstuk gewerkswinkel is, het innoverende teater idees gegenereer wat nagevors is om te improviseer, aan te pas en te selekteer vir optredes
- Die Toneelstuk se protes teen apartheid en teen die geweld en effek van die gedwonge verwyderings het uitgestaan as 'n voorbeeld van 'n geweld vrye wapen vir sosio-politiese verandering
- Temas van bendes, geweld, armoede en huishoudelike geweld is universele temas
- Dit bied 'n stem vir die wat stemloos is, en dien as 'n verhoog om dit wat deur die media en regering stilgemaak is, te kommunikeer. Die internasionale wêreld het by die protes teen apartheid aangesluit (10)

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

4.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip toon, van hoekom Ma om hulp roep.

Ken volpunte toe vir:
- Een goed gemotiveerde stelling OF
- Twee aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Ma roep om hulp omdat:**
- Jakes en Tiemie baklei het oor vaderskap van Tiemie se kind want Tjokkie het 'n visioen gehad wat verklap het dat dit 'n ander man se kind is
- Tiemie het in die huis ingehardloop en Jakes het haar agtervolg. Daar was 'n geraas en 'n roering in die huis wat daarop dui dat Jakes in die huis gegaan het om vir Tiemie seer te maak
- Giel het weggeloop en vir Ma alleen gelos om die konflik tussen Tiemie en Jakes, en Tjokkie wat sy eie lewe neem, te hanteer
- Ma was verdeeld tussen die feit dat Giel weggeloop het, Jakes vir Tiemie aangerand het en Tjokkie in die proses was om sy eie lewe te neem
- Ma het nie geweet wat om met al die gebeure te doen nie, en dit het haar hulpeloos gelaat (2)

4.2 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en ontleding toon, van Tjokkie se stelling 'Ek het alles bewetter ...'

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Tjokkie sê 'ek het alles bewetter' omdat:**
- Vroeër in die toneel was hy geforseer deur Jakes en Giel om 'n visioen te hê. In die visioen het hy gesien watter perd wen en dat Tiemie swanger was by 'n ander man nie Jakes nie. Dit het konflik veroorsaak binne homself en tussen die ander karakters
- Tjokkie sê dat hy nie daarvan hou om te 'sien' nie want dit wat hy sien eindig altyd op in iets sleg vir mense en situasies
- Hy voel verantwoordelik vir Tiemie se seerkry en vir Giel wat weggeloop het
- Hy voel hy het Tiemie en Ma se lewens vernietig en kan nie met die emosionele pyn saamleef nie (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis en begrip toon, van fisiese en/of stemkarakterisering.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed verduidelikte stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Fisies/Liggaam:**

- Die akteur wat Tjokkie vertolk kan stadig kluip met spanning is sy hele liggaam en gesig
- Hy kan sy oë toeknyp as gevolg van die skok en pyn wat hy ervaar as nagevolge van sy visioen

**Stem:**

- Die akteur wat Tjokkie vertolk sal 'n lae mompel gebruik soos hy die reëls sê
- Hy kan diep en hard asem haal om sy skok uit te beeld (4)

4.4 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelike antwoorde wat kennis, begrip, ontleding en toepassing toon, van hoe die toneelaanwysings of die klankeffekte bydra tot die bou van spanning.

Ken volpunte toe vir:

- Twee goed verduidelike stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Die toneelaanwysings of klankeffekte in BRON D dra by tot die bou van spanning omdat:**

- Die aanvanklike stilte van die toneel verskaf 'n onheilspellende voorgevoel van die tragedie wat gaan volg en die dramatiese oomblik behou die openingsoomblik van die toneel en is die motoriese moment
- Die klankeffekte wat van die agterverhoog af gehoor kan word dui die roering in die huis aan en dit beïnvloed die spanning, atmosfeer, handeling en ritme van die toneel omdat die gehoor nie weet wat gebeur het nie, en wag in spanning om uit te vind
- Tiemie se kreet verhoog die spanning in die toneel want die gehoor antisipeer moontlike tragedie
- Die gedetailleerde aanwysings van die klankeffekte van die domkrag wat versterk en van Jakes se motorfiets wat saam die ander geluide tot 'n crescendo groei, beklemtoon die spanning van die oomblik
- Die toneelaanwysings van Ma wat haar ore toe druk en die kanseldoek oor haar oë hou, dui daarop dat sy dit nie kan verduur om te kyk of luister na dit wat gebeur nie, en dit verhoog die visuele dramatiese spanning (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 Nasieners aanvaar relevante en goed verduidelike antwoorde wat kennis, begrip en ontleding van hoe beligting gebruik kan word in BRON D toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed verduidelike stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Beligting kan:**
- Donkerder of dowwer word wanneer ma die harde geluid van binne die huis en Tiemie se kreet hoor, en die liedjie 'Sugar, Sugar' skielik stil raak
- Verdof soos die 'gesis' geluid van die domkrag harder raak
- 'n Kollig fokus op die kar en die 'domkrag'
- Selfs donkerder word soos Jakes uit die huis kom, Ma met die kanseldoek gooi en op sy motorfiets klim en weg jaag
- Verhelder wanneer Ma tussen haar twee kinders met die kanseldoek in haar hande staan en sy haar laaste reël sê (4)

4.6 Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, toepassing en ontleding toon, van hoekom die toneel in BRON D as die klimaks van Siener in die Suburbs gesien kan word.

Ken volpunte toe vir:
- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn

**Die toneel in BRON D kan beskou word as die klimaks van *Siener in die Suburbs* omdat:**
- Die intrige van die toneelstuk bereik sy klimaks want al die gebeure in die toneel bou tot die finale dramatiese toneel, bv. Die stres van lewe in die suburbs, Tiemie se swangerskap en Tjokkie se gawe om te kan 'sien'
- Die dramatiese gebeure van Jakes wat vir Tiemie geweldadig aanval, Giel wat wegloop en Tjokkie se gevolglike intensie om sy eie lewe te neem dra by tot die klimaks van die toneelstuk
- Die handeling van om 'n lewe op die verhoog te neem skokkende dramatiese effek op die gehoor want dit wat gebeur is ekstreem en skrikwekkend om na te kyk
- Deurlopend sê Tjokkie dat sy visioene slegte dinge laat gebeur. Hierdie toneel wat sy dood op die verhoog uitbeeld, is die hoogtepunt van die slegte nagevolge van sy visioene (6)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.7 Nasieners aanvaar enige relevante toespraak, gedig of monoloog wat die kandidaat se kennis, begrip, ontleding en evaluering van Ma se gedagtes en gevoelens toon.

Die antwoord moet die vorm van 'n toespraak/gedig/monoloog van 6-8 reëls aanneem, waarvan die kwaliteit nie geassesseer word nie. Persoonlike, kreatiewe antwoorde moet erken word. Merk Holisties.

Ken volpunte toe vir:

- Drie goed gemotiveerde stellings OF
- Ses aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn:
**Die inhoud van die toespraak/gedig/monoloog kan die volgende reflekteer oor Ma se gedagtes of gevoelens in reël 18:**

- Almal in haar lewe is nou weg. Giel het weggeloop en Tjokkie en Tiemie is beseer (of moontlikdood)
- Sy voel skuldig omdat sy niks kon doen om Tjokkie of Tiemie te red nie. Sy kan ook skuldig voel dat sy toegelaat het dat Jakes en Giel vir Tjokkie druk om te 'sien'
- Sy voel verlore, gebroke en alleen
- 'n Oomblik van self refleksie oor waar sy kon verkeerd gegaan het met almal in haar lewe
- Sy is hartseer oor die lewe wat sy nou verloor het
- Sy is agtergelaat met min hoop dat Pa dalk kan terug kom

**Bv. Gedig:**
Iets wat ek nie kon sien

Verdeel tussen die liggame van twee
En Giel wat moet bly, sê nee
Sien ek ons bloed stroom uit gebroke harte en drome
En dit syfer deur die kanseldoek se some
Ons lewe apart, hart tot hart
Iets wat ek nie kon sien
Is my einde, en niemand moet dit verdien

**Bv. Monoloog:**
Daar is altyd bloed. Bloed in ons hande. Mag die bloed van ons voorvaders skree vir die aanvaarding vir wie ons is. Ons is die deurskynende mense, die klein mense, wat klein lewe maar groot droom. Al wat ons soek van die lewe, is die lewe self: die vryheid om so groot te lewe soos ons wil. Maar die bloed op die vloer hou ons gevange in ons eie gedagtes. Wat het verkeerd geloop? Al wat ons wou hê is so klein bietjie meer. Maar nou het ek dit wat ek gehad het ook verloor, en my hart bloei op die vloer (6)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.8 Verwys na die aantekeninge hieronder en BYLAE A om jou nasienwerk toe te lig.

Nasieners aanvaar relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip, ontleding en evaluering toon, van hoekom *Siener in die Suburbs* waardeer kan word deur gehore regoor die wêreld toon alhoewel die toneelstuk oor een spesifieke Suid-Afrikaanse familie en hulle persoonlike probleme gaan.

Die volgende is 'n riglyn:

***Siener in die Suburbs* kan deur gehore regoor die wêreld gewaardeer word omdat:**

- *Siener in die Suburbs* bewustheid skep oor sekere sosio-ekonomies aspekte wat in enige gedeelte van die wêreld gevind kan word, bv. armoede, werkloosheid
- Temas in *Siener in die Suburbs* sluit in: lae sosiale status, armoede, liefde, verslawing, huishoudelike geweld, emosionele mishandeling, vryheid en ontsnapping waarmee almal in die wêreld kan aanklank vind
- Dit is 'n realistiese toneelstuk wat kwessies soos huishoudelike geweld, armoede en verslawing teenstaan. Hierdie kwessies word deur soveel gemeenskappe in die wêreld in die gesig gestaar
- Karakters is driedimensioneel en geloofwaardig want die stel en milieu wat uitgelê is op die verhoog, in samewerking met die beligting, klankeffekte en mise-en-scène, skep Magiese Realisme in die Teater wat die toneelstuk baie medeleefbaar, opwindend en interessant maak want dit handel oor die mense kwessies wat almal kan herken, bv. Karakters is geloofwaardig en gerond. Die klein rolverdeling laat die gehoor 'n intieme verhouding met die karakters vorm
- Dit wys die nagevolge van 'n persoon se keuses of aksies wat handel oor die menslike toestand, bv. As jy vir 'n persoon lief is wat jou mishandel, kan jy moontlik vasgevang word in daardie mishandeling soos Tiemie se liefde vir Jakes se gevolg is sy dat sy deur hom mishandel word (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994-KONTEMPORÊR

Die kandidaat moet slegs EEN vraag in hierdie afdeling beantwoord. (Vraag 5 OF 6 OF 7).

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

5.1 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die karakters in die toneelstuk toon.

Ken volpunte toe vir EEN korrekte antwoord:

**Die karakters is:**
- Sipho Makhaya OF
- Thando Makhaya OF
- Mandisa McKay (1)

5.2 Nasieners aanvaar antwoorde wat kennis en begrip van die teaterterme toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gedefinieer stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**Agterverhoog is die area:**
- Agter/om die verhoog wat nie gesien kan word deur die gehoor nie
- Af-verhoog waar die akteurs wag om op die verhoog te kom
- Waar rekwisiete en kostuums gestoor word
- Waar die kleedkamers gekry word
- Waar die ruskamer moontlik kan wees
- Waar die verhoogbestuurder en souffleur sit gedurende die optrede

**Volledige kleedrepetisie is:**
- Die laaste kleedrepetisie voor die amptelike optrede
- Waar vol kostuum en grimering gedra word
- Waar die volledige dekorstel met rekwisiete, beligting, klank, ens deel vorm van die finale kleedrepetisie (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.3 Nasieners aanvaar relevante en goed beskryfdede antwoorde wat kennis en begrip toon, van 'n stap vir stap, opwarmingsoefening om oor senuweeagtigheid te kom.

Ken volpunte toe vir:
- Drie aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**'n Voorbeeld van 'n opwarmingsoefening vir ontspanning kan wees:**
- Staan in 'n neutrale posisie
- Haal 'n diep asem in
- Ontspan jou skouers en laat jou ken sag op jou bors rus
- Rol die ruggraat af, werwel vir werwel, op agt tellings soos jy uit asem
- Bly in die afgerolde posisie vir agt tellings
- Rol die ruggraat terug op, werwel vir werwel, vir agt tellings (3)

5.4 Nasieners aanvaar relevante antwoorde wat kennis van die benodigde rekwisiete en meubels vir *Nothing but the Truth* toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee rekwisiete EN
- Twee meubelstukke

Die volgende is 'n riglyn
**Rekwisiete kan insluit:**
- 'n Vaas (urn) vir Themba se as
- Familie foto's
- Boeke
- 'n Ketel op die stoof
- 'n Bottel whiskey
- Glase
- 'n Telefoon

**Meubelstukke kan insluit:**
- Gemaklike bank en stoele in die sitkamer
- Koffietafel
- Boekrak
- Yskas
- Stoof (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.5 Nasieners aanvaar enige relevante en goed gemotiveerde antwoorde wat kennis, begrip en ontleding van hoe die stel die lewens van die karakters wat daarin woon weerspieël, toon.

Ken volpunte toe vir:
- Twee goed gemotiveerde stellings OF
- Vier aparte gedagtes/idees

Die volgende is 'n riglyn
**Die stel weerspieël die lewens van die karakters in die volgende wyse:**
- Dis 'n stel ontwerp van 'n tipiese township (lokasie) huis, ontwerp met die presiese afmetings: 3,6 x 7,2 m. Dit is 'n gepaste huis vir die Makhaya familie wat in New Brighton Township (lokasie) woon
